UNIVERSITEIT iYUNIVESITHI STELLENBOSCH UNIVERSITY 100 1918·2018

# FAKULTEIT INGENIEURSWESE NUUS

ENGINEERING EZOBUNJINELI INGENIEURSWESE

Nuusbrief vir eerstejaar Ingenieurstudente Februarie 2022

## Dekaan se boodskap

Baie welkom aan al ons eerstejaar ingenieurstudente. Hierdie gaan inderdaad nog 'n uitdagende jaar vir ons almal wees. Ons vertrou dat u tyd op Stellenbosch vrugbaar en stimulerend sal wees en 'n welverdiende ingenieursgraad tot gevolg sal hê.



**Prof JL (Wikus) van Niekerk**

Die ingenieurskursus is 'n vol program wat dikwels die opoffering van tyd en plesier verg ten einde sukses te kan behaal. Ons vertrou dat julle die nodige oordeel aan die dag sal lê om te weet wanneer om te studeer en wanneer om te ontspan, want laasgenoemde is ook nodig! Jul aandag word spesifiek gevestig op die Universiteitsjaarboeke (dele **1** en **11**) waarin besonderhede verskyn aangaande 'n wye verskeidenheid aangeleenthede wat jul studie mag raak. Hierdie dokumente bevat die reëls wat van toepassing is op al ons programme.

Daarbenewens kan addisionele dokumentasie op die Fakulteit se webwerf gevind word: https://www.eng.sun.ac.za/current-students/first-year-students/.

Moenie huiwer om met jul dosente kontak te maak wanneer julle probleme van enige aard ondervind nie. Ons wil julle trouens aanmoedig om jul dosente met vrymoedigheid te nader met enige probleme wat 'n nadelige invloed op jul akademiese werk kan uitoefen. U is ook welkom om me. Natalie White (natalies@sun.ac.za) en mnr. August Engelbrecht (august@sun.ac.za) te kontak met enige probleme wat u ondervind, hetsy akademies, persoonlik of finansieël van aard. Ons gee om vir u welsyn, en eerstejaarstudente is hartlik welkom om 'n afspraak met my te maak oor enige aspek met betrekking tot hul studies. (Departementele voorsitters hanteer die senior studente se probleme.) Afsprake kan by die Dekaan se kantoor gemaak word by my persoonlike assistent, me Marilie Oberholzer (marilie@sun.ac.za). Dit is in ons almal se belang dat u suksesvol is, laat ons as 'n span saamwerk, mekaar ondersteun en ons probleme openlik deel sodat dit aangespreek kan word.

Ons wens u 'n baie suksesvolle eerstejaar toe!

Dekaan: Ingenieurswese
**Prof JL (Wikus) van Niekerk**
Algemene Ingenieursgebou
Kantoor: A209
021 808 4204
engdean@sun.ac.za



Afsprake met die dekaan
**Me Marilie Oberholzer**
Kantoor: A209A
Algemene Ingenieursgebou
021 808 9320
marilie@sun.ac.za

## Wie kan help?



Visedekaan: Onderrig en Gehalteversekering
**Prof Celeste Viljoen**
Algemene Ingenieursgebou
Kantoor: A214
021 808 4444
celesteviljoen@sun.ac.za



Visedekaan: Navorsing en Industrieskakeling
**Prof Petrie Meyer**
Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese
Kantoor: E413
021 808 4458
pmeyer@sun.ac.za



Toelatings, Studentregistrasie, Studenterekords
**Me Nicole Hartzenburg**
Admin A
Kantoor: 2030
021 808 4835
nicolepa@sun.ac.za



Studente-ondersteuning, Tutorprogram, Verlengde Graadprogram
**Me Natalie White**
Algemene Ingenieursgebou
Kantoor: A214A
021 808 3614
natalies@sun.ac.za



Studenteretensie en -ondersteuning
**Mnr August Engelbrecht**
Algemene Ingenieursgebou
Kantoor: A213A
021 808 3947
august@sun.ac.za



Algemene navrae, Verlore goedere
**Me Portia Adonis**
Algemene Ingenieursgebou
Kantoor: A209A
021 808 4203
portiaadonis@sun.ac.za

# Eerste semester dosente van eerstejaarsmodules

## Toegepaste Wiskunde B124

### Sameroeper




**Dr GPJ Diedericks**
Algemene Ing. gebou
Kantoor: A411
Tel: 021 808 4222
hardus@sun.ac.za



**Me C Stander**
Algemene Ing. gebou
Kantoor: A221
cornelstander@sun.ac.za



**Dr P Landi**
Algemene Ing. gebou
Kantoor: A310
Tel: 021 808 4125
landi@sun.ac.za



**Mr S Mungwe**
Algemene Ing. gebou
Kantoor: A313
Tel: 021 808 4216
mungwes@sun.ac.za

## Ingenieurswiskunde 115

### Sameroeper



**Dr D Ralaivaosaona**
Bedryfsielk. gebou
Kantoor: 3004
Tel: 021 808 9506
naina@sun.ac.za



**Dr F van Niekerk**
Bedryfsielk. gebou
Kantoor: 1023E
Tel: 021 808 3282
fkvd@sun.ac.za



**Prof M Wild**
Bedryfsielk. gebou
Kantoor 1023D
Tel: 021 808 3276
mwild@sun.ac.za



**Me M Steyn**
Bedryfsielk. gebou
Tel: 021 808 3282
melisesteyn@sun.ac.za

## Ingenieurschemie 123

### Sameroeper



**Me DL de Kerk**
Prosesing. gebou
Kantoor: C228.6
Tel: 021 808 4170
dldk@sun.ac.za



**Dr M Tadie**
Prosesing. gebou
Kantoor: C317.3
Tel: 021 808 4053
mtadie@sun.ac.za



**Mr AP van Wyk**
Prosesing. gebou
Kantoor: C209
Tel: 021 808 4422
apvanwyk@sun.ac.za



**Mr Z Mapholi**
Prosesing. gebou
Kantoor: C317.2
zmapholi@sun.ac.za
Tel: 021 808 4147

## Ingenieurstekeninge 123

### Sameroeper



**Prof C Coetzee**
Meg. Ing. gebou
Kantoor: M5040
Tel: 021 808 4239
ccoetzee@sun.ac.za



**Prof R Laubscher**
Meg. Ing. gebou
Kantoor: M6009
Tel: 021 808 4856
rlaubscher@sun.ac.za



**Mr PEJ Trinchero**
Meg. Ing. gebou
Kantoor: M4025
Tel: 021 808 4265
ptrinchero@sun.ac.za



**Mr AJ Cilliers**
Meg. Ing. gebou
19009410@sun.ac.za

## Interkulturele Kommunikasie 113

### Sameroeper



**Mrs CS Basson**
Taalsentrum
Bosmanstraat 7
Tel: 021 808 3627
bassoncs@sun.ac.za



**Me F Haroun**
Taalsentrum
Bosmanstraat 7
Tel: 021 808 9102
faika@sun.ac.za



**Prof JL van Niekerk**
Algemene Ing. gebou
Kantoor: A209
Tel: 021 808 4204
engdean@sun.ac.za



**Prof C Viljoen**
Algemene Ing. gebou
Kantoor: A214
Tel: 021 808 4444
celesteviljoen@sun.ac.za

## Ingenieursfisika 113

### Sameroeper



**Dr PH Neethling**
Fisikagebou
Office: 1042
Tel: 021 808 3365
pietern@sun.ac.za



**Dr PB Southey**
Fisikagebou
Office: 0056
Tel: 021 808 3361
southey@sun.ac.za

## Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114

### Sameroeper



**Prof H Touchette**
Algemene Ing. gebou
Kantoor: A412
Tel: 021 808 4571
htouchette@sun.ac.za

# Hulp vir eerstejaarstudente met akademiese uitdagings

›› **Waar vind ek die aanlyn US-inskakelingsprogram vir voornemende eerstejaarstudente?**

n Opwindende nuwe Verwelkomingsprogram is aanlyn bekendgestel. Dit sal eerstejaarstudente in hul Fakulteit oriënteer asook hulle help om voor te berei vir hul studie en die unieke studentervaring wat op ons kampus wag.

›› **Woon alle lesings en tutoriale by, en berei goed voor vir tutoriale**

Die normale lesings en tutoriale is ontwerp om studente te help om die werk te bemeester. Maak die beste gebruik van hierdie sessies as jou eerste prioriteit.

›› **Maak 'n afspraak om jou dosent te sien**

As jy sekere aspekte probeer bemeester het, maar nie kon regkry nie, vra jou dosent vir 'n afspraak om hom/haar te sien. Mede- en senior studente kan jou ook help, maar jy sal seker wees dat jy die beste advies kry wanneer jy met die dosent praat.

›› **Groepleersessies**

Op die meeste weeksdae se middae direk ná die gereelde tutoriale, kom na A503 om voor te berei vir die volgende dag se tutoriaal. Daar kan jy met ander studente in 'n groep werk en onderrigassistente sal beskikbaar wees om die groepe te lei en te help.

›› **Dekaansperiodes**

Gedurende die weeklikse periodes in die eerste semester wanneer die Dekaan of Visedekaan met elke klasgroep gesels, ontvang jy advies oor studiemetodes, hoe om jou vordering te meet en waar jy hulp kan kry. Maak die beste gebruik van hierdie periodes deur op te let en die opdragte te doen.

›› **Individuele tutors**

Die Fakulteit ondersteun NIE een-tot-een tutor nie, aangesien dit die ontwikkeling van jou onafhanklike leervermoë sal belemmer. Die ontwikkeling van hierdie vermoë is noodsaaklik vir die voltooiing van die BIng-program. Bogenoemde ondersteuningsgeleenthede is ontwerp om jou nie net te help om die modules te slaag nie, maar ook om die vaardighede wat jy in latere studiejare benodig, te ontwikkel.

›› **Angs, stres en studiemetodes**

Moenie verbaas wees as jy gestres voel en 'n bietjie oorweldig word nie. Dit is normaal vir eerstejaarstudente in die BIng-programme. As jy egter agterkom dat jy meer en meer agter raak, of jy is só bekommerd dat jy nie doeltreffend kan werk nie, kontak me Natalie White vir 'n afspraak om een van die opvoedkundige sielkundiges van die Fakulteit te sien. Hulle sal jou adviseer oor hoe om die stres beter te hanteer en om jou studiemetodes aan te pas om meer produktief te werk.

## Opvoedkundige sielkundiges


Inez Saunders


Annette du Plessis

›› **Kontak** me Natalie White (natalies@sun.ac.za) om 'n afspraak te maak met een van die Fakulteit se opvoedkundige sielkundiges.

## Die ISR tot jou diens


Sandra du Plessis
ISR Chairperson

›› **Die Ingenieurstudenteraad** (ISR) is die besturende liggaam van die Vereniging van Stellenbosse Ingenieurstudente (VSIS). Raadslede word jaarliks verkies. Die ISR verteenwoordig die studente op verskeie hoër liggame en reël sosiale geleenthede vir ingenieurstudente.

Die eerste kwartaal verg baie aanpassing van enige student, en die ingenieurstudent moet boonop gewoond raak aan 'n hoë akademiese werklading. Die ISR moedig jou daarom aan om met hulle te skakel indien jy probleme ondervind.

Jou nuwe idees en voorstelle is ook baie welkom!

Kontak hulle by isr@sun.ac.za.

# Koronavirus
# Universiteit Stellenbosch se opdaterings en inligting

›› **Die Universiteit Stellenbosch (US)** hou die gebeure rondom die uitbreking van die koronavirussiekte (COVID-19, veroorsaak deur die nuwe koronavirus SARS-CoV-2) wat deur die Wêreldgesondheidsorganisasie (WHO) as 'n wêreldwye pandemie verklaar is, baie fyn dop.

Ons COVID-19-gebeurlikheidskomitee, wat in Februarie 2020 op die been gebring is, is uitgebrei tot 'n oorhoofse Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting. Dié liggaam ontvang insette van 'n mediese advieskomitee en sewe werkstrome: studentedienste; personeel; leer en onderrig; kommunikasie, gemeenskapsimpak en eksterne betrekkinge; kampusbedrywighede; finansiële en regsaangeleenthede; asook navorsing.

Ons doen alles moontlik om te sorg dat ons studente hul akademiese jaar kan voltooi en dat die Universiteit volhoubaar bly. Bly op hoogte van die jongste nuus wat via ons amptelike kommunikasiekanale oorgedra word.: http://www.sun.ac.za/afrikaans/Pages/COVID-19-Coronavirus-Disease-2019.aspx .

# Ingenieurswese gebouekompleks


## Waar om die dekaan, studente-ondersteuning en departementele voorsitters te vind



Siviel
**Prof Nico de Koker**
Kantoor: S406
021 808 4348
civil_hod@sun.ac.za

Elektries & Elektronies
**Prof Herman Engelbrecht**
Kantoor: E409
021 808 2139
ee@sun.ac.za








Meganies & Megatronies
**Prof Johan van der Spuy**
Kantoor: M5006
021 808 3742
mmchair@sun.ac.za



Proses (Chemies)
**Prof Christie Dorfling**
Kantoor: C310
021 808 4494
chemengchair@sun.ac.za



Industrial
**Prof Corne Schutte**
Kantoor: B2007
021 808 3617
industrial@sun.ac.za



Dekaan
**Prof JL (Wikus) van Niekerk**
Kantoor: A209
021 808 4204
engdean@sun.ac.za



Studente-ondersteuning
**Me Natalie White**
Kantoor: A214A
021 808 3614
natalies@sun.ac.za



Studenteretensie en -ondersteuning
**Mr August Engelbrecht**
Kantoor: A213A
021 808 3947
august@sun.ac.za

# Tipiese eerstejaarsvrae

**›› Ek wil graag ‘n beurs bekom. Waar kan ek daarvan te hore kom?**

Die Fakulteit glo aan gelyke geleenthede vir almal en om daardie rede het die Fakulteit die beleid dat maatskappye ALLE beurse op die kennisgewingborde moet adverteer. In sommige gevalle sal ‘n maatskappy bv. net Siviele ingenieurstudente soek en sal kennisgewings by die spesifieke Departement verskyn. In ander gevalle sal kennisgewings ook in die Algemene Ingenieursgebou verskyn. Die Beurse en Leningsafdeling van die Universiteit in Admin A is nog ‘n plek waar jy kan gaan aanklop. Daar is ongelukkig nie inligting oor beurse by die Dekaansafdeling of Departemente beskikbaar nie.

**›› Vir wie kontak ek as ek nie na wense presteer nie en begin twyfel of ek met die kursus moet voortgaan?**

Maak eers ‘n afspraak met mev Natalie White en bespreek die situasie met haar. Indien nodig, sal sy jou na die Dekaan verwys. Onthou egter dat jy vanaf die tweede jaar jou akademiese probleme met jou Departementele Voorsitter moet bespreek.

**›› Met wie praat ek as as ek gespanne voel weens my studies en ek graag met iemand daaroor wil gesels?**

Kontak mev Natalie White wat dan vir jou ‘n afspraak met die Fakulteit se opvoedkundige sielkundiges sal maak.

**›› Ek was siek. Moet ek ‘n mediese sertifikaat indien?**

Jy hoef nie ‘n mediese sertifikaat in te dien nie. Indien jy lesings misgeloop het, dan is dit jou verantwoordelikheid om by medestudente uit te vind watter werk jy moet in haal. Indien jy ‘n klein toets in ‘n tutoriaal misgeloop het, sal jy nul kry vir daardie toets, maar die twee laagste tutoriaaltoetspunte word geïgnoreer wanneer die semesterpunt bereken word. Indien jy ‘n hoofassessering misloop (A1 of A2), dan moet jy A3 skryf. Vir inhandiging van groot werkstukke, soos Interkulturele Kommunikasie se verslae of Rekenaarprogrammering se projekte, bespreek jou situasie so gou as moontlik met die dosent..

**›› Ek het gister my beursie en sambreel in die klas vergeet. By wie kan ek dit gaan soek?**

Verlore goedere wat in die Algemene Ingenieursgebou gevind is, word by me Portia Adonis by die dekaan se kantoor ingegee (A209A).

**›› Die dosente praat van A203 en K302. Is daar enige logiese manier waarop die lokaalnommers georganiseer is?**

Die letter dui die gebou aan, die eerste syfer die verdieping en die laaste twee of drie syfers die lokaalnommer. Die Algemene Ingenieursgebou (naaste aan Banhoekweg/Joubertstraat kruising) se lokaalnommers begin met A. Die ander geboue, in volgorde agter die Algemene Ingenieursgebou is: B vir Bedryfs, K vir die Kennissentrum (met die Biblioteek op die eerste twee verdiepings, en lesingsale K302 en K303 op die derde vloer), M vir Meganies & Megatronies, C vir Proses (wat chemiese ingenieurswese aanbied), E vir Elektries & Elektronies, en S vir Siviel.

**›› Wat is die “Dekaansperiode”?**

Die “Dekaansperiode” word inkorporeer in die module Interkulturele Kommunikasie 113 en vind gedurende die eerste semester op Vrydae plaas. Tydens hierdie periode dra die Dekaan en Visedekaan baie belangrike inligting aan eerstejaars oor. Neem kennis dat hierdie ‘n kredietdraende module is en jy dit moet bywoon.

**›› Waar koop ek my handboeke vir die eerste semester?**

Jy kan jou handboeke by die Fakulteit bestel en koop in die tydgleuwe aangedui in die verwelkomingsprogram. Die koste kom direk op jou studenterekening. Hierdie (nuwe) boeke is nie by plaaslike boekwinkels beskikbaar nie. Omdat die Fakulteit dit egter in grootmaat aankoop, kry die Fakulteit goeie afslag. Dit staan jou vry om tweedehandse boeke direk by boekwinkels of senior studente aan te koop.

**›› Wie kan my help as my studentekaart my nie toegang tot die Studiesentrum gee nie?**

Vra vir mnr Ulrich Smith by A211 om jou kaarttoegang vir daardie deur te aktiveer.

# Gesondheid- en Veiligheidsreëls by Ingenieurswese

**›› Hou koffie en eetgoed uit die lesinglokale**

Eet- en drinkgoed word in die Fakulteit Ingenieurswese se lesinglokale VERBIED. Die lokale word so intensief gebruik, dat dit slegs na-ure skoongemaak kan word. Slegs onversoete water mag in die lesinglokale ingeneem word.

**›› Skakel jou foon oor na stil modus**

Wees bedagsaam teenoor jou dosente en klasmaats en skakel jou selfoon af voordat jy by ‘n lesingsaal, laboratorium of tutoriaalklas inloop.

**›› Kaalvoet verbode**

Kaalvoete word onder geen omstandighede in Ingenieurswese se gebouekompleks toegelaat nie. Daar is gevaar van voetbeserings deur skerp voorwerpe wat, byvoorbeeld, van die werkswinkels of laboratoria af kom. Plakkies of sandale met dik, stewige sole is aanvaarbaar vir bywoon van lesings in gewone lesinglokale. Volgens die Wet op Beroepsveiligheid word kaalvoete, plakkies of sandale onder geen omstandighede in die laboratoria of werkswinkels van die Fakulteit toegelaat nie. Kyk versigtig na die veiligheidsvereistes in die prakties se instruksies voor jy in ‘n laboratorium ingaan.

**›› Skaatsplanke nie in die geboue en gange toegelaat nie**

Studente mag nie op skaatsplanke in die gebouekompleks en gange ry nie. Dit is steurend, verniel die vloeroppervlak en hou ‘n gevaar vir ander studente, personeel en besoekers in.

**›› Rook verbode binne geboue of naby ingange**

Geen student, personeellid of besoeker mag binne die Ingenieurswese gebouekompleks rook nie. Dit sluit o.a. lesinglokale, kantore, laboratoria en werkswinkels in. By Ingenieurswese moet rokers volgens wet ten minste 20 meter van ingange of vensters staan. Die enigste goedgekeurde rookarea is naby Banhoekweg op die grasperk voor die Algemene Ingenieursgebou.

**Volg Fakulteit Ingenieurswese se Sosiale Media kanale**

SCAN ME